Publication: Paarl Post, Sake/Business Post
Date: Thursday, March 29, 2018
Page: 30

Die beoordelaars van Nederburg-veiling is van links Roland Peens, Tim Atkin (wynmeester van Brittanje), William Wouters (België), François Rautenbach, Cathy van Zyl, Richard Kershaw (wynmeester), Greg Sherwood (wynmeester), Wikus Human en Michael Fridjohn.

Tafel gedek vir 2018-veiling

'n Rekordgetal inskrywings is vir die Nederburg-veiling van 2018 ontvang.

Volgens kenners gaan dit nog 'n suksesvolle jaar vir die deelnemende produsente wees.

Dit is nou aan die proepaneel oorgelaat om alle inskrywings te proe en te beoordeel voordat enige wyne gekies sal word om by die 44ste Nederburg-veiling ingesluit te word. Dié veiling word vanjaar in September gehou. Die wyne sal deur 'n internasionaal bekende keuringpaneel gekies word. Die keuringpaneel bestaan uit van die wêreld se beste wynkenners.

Alle wyne sal deur agt lede van die keuringpaneel deur 'n blinde proe beoordeel word om te verseker dat slegs die voorste Suid-Afrikaanse wyne dit tot die Nederburg-veiling maak.

Die uitslag is dat sommige van die skaarsste, mees gesogte en andersins onbereikbare wyne later vanjaar onder die hamer gaan kom.

Die streng keuringsproses word onder toesig van onafhanklike ouditeure gedoen en elke wyn word deur minstens vier paneellede met 'n gemiddelde telling toegeken.

Die keuringpaneel word in twee groepe verdeel onder voorsitterskap van die plaaslike wynmeester Cathy van Zyl en die Britse wynmeester Tim Atkin. Die hele proses vind plaas onder toesig van wynkoördineerder, Higgo Jacobs. Jacobs is ook die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Sommeliers-vereniging.

Behalwe vir Van Zyl en Atkin sluit Richard Kershaw, Greg Sherwood, Michael Fridjhon en Roland Peens hulle ook by die keuringpaneel aan. Nuwe beoordelaars is William Wouters, visepresident van die vereniging de la Sommellerie Internationale en François Rautenbach, plaaslike wynbeoordelaar en bestuurder van Singita Premier Wines.

Behalwe vir die kenners is die huidige titelhouer van Beste Young Sommelier in Suid-Afrika, Wikus Human, 'n medebeoordelaar.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.